Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N5

(4010185)

14 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nie-programmeerbare sakrekenaars kan gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en ’n antwoordboek van 10 bladsye.

296O1J2114

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf word.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Skryf jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER op elke bladsy van die ANTWOORDBOEK.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Die organogram dui die … ⌘

A posisies van de maatskappy se bestuur aan.
B doelwitte van die maatskappy aan.
C doeltreffendheid van elke werknemer aan.
D funksies van die hoofbestuurder aan.

1.1.2 Die skakel tussen finansiële rekeningkunde en koste- en bestuursrekeningkunde is …

A kosteberekeninge.
B finansiële rekeningkunde .
C bestuursrekeningkunde.
D koste- en bestuursrekeningkunde.

1.1.3 Totale produksiekoste bestaan uit …

A direkte materiaal plus vervaardigingsbokoste.
B direkte materiaal plus direkte arbeid.
C direkte arbeid plus vervaardigingsbokoste. ⌘
D primêre koste plus vervaardigingsbokoste.

1.1.4 Langtermynbesluite staan ook bekend as … besluite.

A sake-
B strategiese
C krediteurs-
D regerings-

1.1.5 Aandeelhouers is mense met ’n primêre belang in die maatskappy se vermoë om …

A skuld te betaal.
B salarisse in die afsienbare toekoms te betaal.
C die waarde van beleggings in die maatskappy te verbeter.
D Beide A en B

1.1.6 Die salaris wat aan die ontvangsdame betaal word, staan bekend as ’n ... koste.

A veranderlike ⌘
B gedane
C vervaardigingsbo-
D periode-

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.1.7 Een van die elemente van produksiekoste is … koste.

A vervaardigingsbo-
B direkte arbeid
C proses ⌘
D Beide A en B

1.1.8 ’n Voordeel van die ewigdurende voorraadwaardasiestelsel is dat ...

A geen deurlopende voorraadrekords bygehou word nie.
B voorraadbalanse altyd beskikbaar is.
C voorraad getel word en teen kosprys gewaardeer word.
D ’n periode fisiese voorraadopname uitgevoer word.

1.1.9 Beplanning behels …

A die beskrywing van die stappe wat gedoen moet word om die besigheid sy doelwitte te laat behaal.
B die ontwikkeling van doelwitte in ’n organisasie.
C om die werklike prestasie met die oorspronklike planne te vergelyk.
D om begrotings op te stel om doelwitte te behaal. ⌘

1.1.10 Die belangrikste oogmerk van bestuursrekeningkunde is om …

A die belange van mense buite die besigheid te beskerm, soos die wet voorskryf.
B historiese data te gebruik om inligting te interpreteer.
C meer klem op die belang en aanpasbaarheid van inligting plaas.
D die dokumentasie te verskaf wat gebruik word om finansiële rekords op te stel.

1.1.11 Die grootte van stoorfasiliteite word bepaal deur die ... te bereken.

A ekonomiese bestellingshoeveelheid
B maksimum voorraad
C bestelpunt
D Beide A en B

1.1.12 Voorraadhoudingskoste …

A behels die verlies aan produktiwiteit vanweë die tekort aan materiaal.
B is die koste om die bestelling te plaas. ⌘
C is die koste wat aangegaan word om materiaal op die perseel te hou
D Beide A en B

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.1.13 Die kwessie van grondstowwe na produksie word in die algemene joernaal as Dr … beheer aangeteken.

A materiaalbeheer en Cr produksie
B materiaalbeheer en Cr afgewerkte goedere
C produksiebeheer en Cr materiaal
D afgewerkte goedere beheer en Cr materiaal ⌘

1.1.14 Die salaris wat aan die persoonlike assistent van die besturende direkteur betaal word, kan as 'n ... koste geklassifiseer word.

A administratiewe
B produksie
C indirekte arbeid
D direkte arbeid

1.1.15 Ledige tyd beteken verlore tyd vanweë …

A knelpunte in die produksieproses.
B onklaarrakings van fabrieksmasjinerie.
C vertragings in die aflewering van materiaal.
D Beide A en B ⌘

1.1.16 Berekening van die bruto salaris van 'n werknemer:

A Normale ure plus oortyd-ure
B Normale vergoeding plus oortydvergoeding plus byvoordele
C Normale vergoeding plus oortydvergoeding minus byvoordele
D Normale ure vermenigvuldig met die oortydtariewe

1.1.17 Totale lone bestaan uit …

A direkte lone plus indirekte lone plus nie-vervaardigingslone.
B normale tyd plus oortyd plus produksiebonusse.
C bruto lone minus aftrekkings.
D netto lone plus werkgewersbydraes.

1.1.18 Oorverhaling vind plaas wanneer die …

A werklike bokoste meer is as die aangewende bokoste.
B aangewende bokoste meer is as die werklike bokoste. ⌘
C begrote bokoste by 'n gepaste basis getel word.
D totale vervaardigingsbokoste gedurende die finansiële periode bestee word.

1.1.19 Onderverhaling van bokoste vind plaas wanneer … bokoste.

A toegewysde bokoste meer is as werklike
B begrote bokoste minder is as werklike
C werklike bokoste meer is as toegewysde
D toegewysde bokoste minder is as begrote

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.1.20 Werklike vervaardigingsbokoste is die …

A totale bokoste wat gedurende die jaar bestee is.
B bokoste vir ’n kort tydperk.
C bokoste waarvoor vir die periode begroot is. ⌘
D bokoste vir die toekoms.

(20 × 2) (40)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 Lone wat aan die fabriek se sekuriteitswag betaal word, word as direkte arbeid beskou.

1.2.2 Veranderlike koste per eenheid verander in direkte verhouding tot die getal eenhede wat geproduseer word.

1.2.3 Beheer as ’n bestuursfunksie behels die opstel van verskeie begrotings. ⌘

1.2.4 Primêre koste is produksiekoste.

1.2.5 Voorraad in transito is voorraad wat reeds van verskaffers gekoop is en in die proses is om afgelewer te word.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies die korrekte term uit dié in hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK.

1.3.1 (Organisering/Leiding) is die bestuursvaardigheid om mense te beïnvloed en motiveer om saam te werk.

1.3.2 (Eenheidskoste/Vaste koste) is die koste om een eenheid van ’n produk te produseer.

1.3.3 (Beplanning/Organisering) vind plaas wanneer die onderneming hulpbronne op so ’n manier koördineer dat sy planne en doeltreffend uitgevoer word.

1.3.4 (Gedane/Geleentheids-) koste is die potensiële verlies of opoffering wanneer die maatskappy van sekere aksies moes afstand doen. ⌘

1.3.5 (Primêre koste/Periodekoste) is koste wat nie met ’n spesifieke produk verband hou nie, maar met die tyd waarin die aangegaan is.

(5 × 2) (10)
[60]

TOTAAL AFDELING A: 60

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

AFDELING B

VRAAG 2

Die volgende kom in die boeke van Blue Garden Horse Manufacturers voor:

SALDO'S OP 1 MAART 2018	RAND
Grondstof	240 800
Onvoltooide werk	92 400
Afgewerkte goedere	215 600

OPSOMMING VAN TRANSAKSIES VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2019

	RAND
Kontant aankope van grondstof	1 892 800
Vraggeld van aankope wat kontant betaal is	313 600
Grondstof uitgereik vir verwerking	1 900 000
Arbeid: Direk	2 088 800
Arbeid: Indirek	375 200
Huurgeld fabriek	711 200
Versekering van fabriek	58 800
Instandhouding van aanleg	411 600
Depresiasie op aanleg	14 560
Indirekte materiaal uitgereik	12 400
Koste van verkope (afgewerkte goedere)	5 801 600
Verkope (afgewerkte goedere)	8 749 440
Sluitingsaldo onafgewerkte goedere (28 Februarie 2019)	136 640

BYKOMENDE INLIGTING

Vervaardigingsbokoste word teen 80% van die direkte arbeidskoste toegewys.

VERLANG

Stel die volgende grootboekrekeninge op:

2.1 Materiaalbeheer (7)

2.2 Arbeidsbeheer (5)

2.3 Vervaardigingsbokostebeheer (10)

2.4 Produksiebeheer (8)

2.5 Afgewerkte goedere beheerrekening (6)

2.6 Koste van verkope (4)

2.7 Verhandelingsrekening (4)

[44]

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

VRAAG 3

3.1 Mev Cash de Koker besit 'n besigheid wat stoele stoffeer. 4 m² materiaal word gebruik om elke stoel te stoffeer. Produksie vir die jaar is 650 000 stoele. Die besigheid word vir 50 weke 'n jaar bedryf. ⌘

Dit kos R80 om 'n bestelling te plaas. Die maksimum besteltyd is vier weke en die minimum besteltyd is twee weke. Maksimum produksie is 1 400 stoele per week en minimum produksie is 1 200 stoele per week. Houkoste van voorraad per jaar is gelyk aan 20% van die koste van materiaal per m². Materiaalkoste is R125 per m².

VERLANG

Bereken die volgende en toon al die formules en berekeninge:

3.1.1 Die bestelpunt (5)

3.1.2 Ekonomiese bestelhoeveelheid (9)

3.1.3 Maksimum voorraad (6)

3.2 Milli Manufacturers vervaardig geluksarmbandjies. Die volgende inligting is aan jou verskaf:

Totale veranderlike koste	R200 000
Totale vaste koste	R100 000
Eenhede vervaardig ⌘	25 000

VERLANG (Toon al die berekeninge.)

3.2.1 Bereken die vaste koste per eenheid.

3.2.2 Bereken die veranderlike koste per eenheid.

3.2.3 Bereken die totale vaste koste as 30 000 armbandjies vervaardig is. ⌘

3.2.4 Bereken die totale veranderlike koste as 30 000 armbandjies vervaardig is.

3.2.5 Bereken die totale koste as 30 000 armbandjies vervaardig is.

(5 × 3) (15)
[35]

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

VRAAG 4

Die volgende inligting is aan jou voorgelê as die koste- en bestuursrekenmeester van Knives & Forks BK:

BESONDERHEDE	RAND
OPENINGSVOORRAAD (1 JANUARIE 2019)	
*Materiaal	950 000
*Afgewerkte goedere	470 000
*Onvoltooide werk	370 000
TRANSAKSIES GEDURENDE 2019	
Direkte fabriekslone	1 300 000
Fabriek huurgeld	600 000
Salaris: Produksiebestuurder	840 000
Salaris: Bemarkingsbestuurder	1 000 000
Netto wins	470 000
Handels- en ander debiteure (debiteurebeheer)	320 000
Materiaal teruggestuur aan verskaffers	170 000
Fabriekstoerusting teen kosprys	3 320 000
Depresiasie (20% p.j. volgens die kosprysmetode)	?
Materiaal ontvang vanaf verskaffers	1 620 000
Eiendomsbelasting: Fabriek	250 000

BYKOMENDE INLIGTING

1. Vervaardigingsbokoste verhaal gedurende die jaar: R2 220 000	
2. Sluitingsvoorraad (31 Desember 2019):	
*Materiaal	620 000
*Afgewerkte goedere	270 000
*Onvoltooide werk	170 000

VERLANG

4.1 Stel ’n produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 op. (22)

4.2 Bereken die koste van goedere verkoop gedurende die jaar geëindig 31 Desember 2019. (6)
[28]

VRAAG 5

5.1 Die volgende is ’n uittreksel van die weeklikse betaalstaat van Mev Naidoo, ’n werknemer wat weekliks betaal word:

Normale werksure per week	40 uur
Ure gewerk	45 uur
Eenhede geproduseer	200 eenhede
Normale loon per uur	R75,00
Oortydtarief	1,5 keer normale tarief
Produksiebonus vir elke 20 eenhede wat voltooi word	R18,50
Kommissie ontvang vir verkope	R555,55

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

PENSIOENFONDS * Sy dra 27,5% van normale inkomste by, die maksimum bedrag wat die SAID vir die fonds toelaat.
MEDIESE FONDS, WERKNEMERSBYDRAE * Sy dra R35,00 per week tot haar mediese fonds by.
INKOMSTEBELASTING (LBS) * 7,5% van bruto lone nadat pensioen afgetrek is.
Mev Naidoo dra tot die WVF by volgens wetgewing.

VERLANG

Bereken Mev Naidoo se netto loon vir week 15 van die huidige jaar. (18)

5.2 Leko Bpk het die volgende inligting vir Augustus 2019 aan jou verskaf:

BEGROTE INLIGTING

Werksdae per maand	22 dae
Getal werknemers	3
Normale werksure per dag	8 uur
Eenhede vervaardig	400 per maand

WERKLIKE INLIGTING

Opsomming van klokkaarte

R Moodley	19 dae @ 8 uur per dag (3 dae siekteverlof)
N Moletsane	22 dae @ 8 uur per dag
K Mkhize	22 dae @ 8 uur per dag

Eenhede vervaardig in Augustus van die huidige jaar: 390 eenhede

VERLANG

Stel die volgende verslae van Leko Bpk vir Augustus 2019 op:

5.2.1 Produksieverslag (11)

5.2.2 Produktiwiteitsverslag (4)

[33]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou